# HERFSDANKFEES 2018

Ons Herfsdankfees is DV op 23 Maart vanaf 17:00 in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES & LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **HAP EN TRAP:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440 of 0723309709
- **KINDERTAFEL:** Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK:** Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elise Claassen 6912813
- **TEETUIN:** Marie Loftie-Eaton 0721422313 of 6904215
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504 of 0827143322
- **DIE MARK:** Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **PASTEIE:** Elize van Vuuren 0786777335
- **VLEIS:** André Kritzinger 6932462
- **POTJIEKOS:** Leon en Lizzie Heunis 07835665888

<u>Die volgende word benodig</u>:

* Hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke en poedings
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk, suiker
* Wit olifante



## DROë VRUGTE VIR BOTSWANA UITREIK:

Ons het heerlike gedroogte perskes, teen dieselfde pryse as verlede jaar, by die kerkkantoor beskikbaar. <u>1kg geskilde perskes @ R85, 1kg ongeskilde perskes @ R65, 500g geskilde perskes @ R45, 500g ongeskilde perskes @ R35</u>



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 11 Maart 2018**

*"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." (Heb. 11:6)*

## PROGRAM VIR VANDAG *(5de Lydensweek)*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeente-ontwikkeling.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader na kerk by Danie de Jagerstr 34. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Straatwerk.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader om 10:30 by Danie de Jagerstraat 34. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

| **<u>Ds Danie</u>:** | **<u>Ds Robert</u>:** | **<u>Ds André</u>:** |
|---|---|---|
| Maandag om 10:00 by Santos 1 en 15:00 by Santos 2. Dinsdag 09:30 in die konsistorie. | Dinsdag 09:00 by 17de Laan 18 pastorie en 19:00 by Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei. | Dinsdag om 09:30 in die kerksaal. Woensdag selgroep 18:30 te 10de Laan. |

| | |
|---|---|
| **Dinsdag:** | Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. |
| **Woensdag:** | Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Robert). |
| **Donderdag:** | Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog. |

## BANKBESONDERHEDE

*<u>Dankoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*<u>Geloofsoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** MAART is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Bybelgenootskap was R2772-00.

**NUUSBRIEF:** Die volgende nuusbrief word DV na die April vakansie uitgegee. U word genooi om iets te skryf vir die nuusbrief.

**KLEREKAS:** Benodig hangers. Gee asb af by die kantoor.

**PROJEK:** Die Vonkelvroue brei handskoene vir die kinderhuis wat hul teen Mei wil stuur. Indien u bereid is om te help brei, kan u die patroon by die kerkkantoor afhaal.



**RIETVLEI BRAAI:** R84 770-00 (R6 222-50 minder as 2017). Baie dankie vir al die harde werk, asook die ondersteuning.

**VLEISTAFEL:** Dankie aan elkeen wat reeds 'n bydrae gemaak het. Ons verwerk die vleis 19 en 20 Maart. Sommige van die gereelde werkers is uitstedig. Nuwe hande is dringend nodig. Geen spesialis kennis is nodig nie.

**HEKEL– EN BREIGROEP:** U word hartlik uitgenooi om Woensdae 10:00—12:00 in die saal, saam te kom kuier, hekel of brei aan u eie handewerk.

**WOL BENODIG:** Indien u enige oortollige wol (enige maak) het, kan u dit kantoor toe bring. Die hekel—en breigroep dames sal dit gebruik vir truitjies, ens in die



## BLOMMEFEES

30 Maart 2018 – 2 April 2018 'n Blommefees aan met die Uitbeelding van God se liefde as tema.

Donderdag, 29 Maart 2018 om 19:00, is daar 'n byeenkoms in die kerk wat bestaan uit Woord en Lied. Na die byeenkoms is die saal oop vir besigtiging, waar tee en koffie bedien sal word.

Vrydag tot Maandag, 30 Maart 2018 – 2 April 2018, vanaf 10:00 – 18:00 sal die saal oop wees vir besigtiging. Daar sal ook 'n teetuin wees met heerlike eetgoed.





## GEBEDSBULLETIN

**Maart se tema: God se Koninkryk**

Hierdie week se DANKSEGGING:

* Dat God se Koninkryk ons koninkrykies in genade insluit.
* Dat die Here die gemeente in die gemeenskap gebruik.
* Vir lidmate wat in die gemeente dien met hulle gawes (dankfees, eiendomme, blomme, musiek, ens).
* Vir Mosselbaai se natuurskoon.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* Die ontwikkeling van nuwe gemeentes waar die tradisionele kerke nie meer mense bereik nie.
* Kerkraadsvergadering.
* Komende Herfsdankfees.
* Paasfees met Blomme - beplanning. Bid dat mense die boodskap sal verstaan en nie net die mooi blomme sal raaksien nie.
* Eredienste. Bid dat die dinge soos klank, beligting, volume, rekenaar nie mense se erediens belewing sal beïnvloed nie. Die toerusting word altyd vooraf getoets. Maar ten spyte daarvan is daar dikwels 30 minute later skielik 'n probleem.
* Polarisasie in ons land en besluite in die Parlement.
* Gesondheidskrisisse (bv Listeriose).
* *It's Time* (Kaapstad) 24 Maart.
* Droogte in die Wes- en Oos Kaap.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:



Petro du Plooy Santos Haven, Jan Louw Fynboshoogte 1, Anton en Marianne Pauw Boggomsbaai, Drienie Muller Mopaniestr, Baby van Rooyen Santos Haven, Pierre Swart Kokerboomstr, Lisa van Zyl Santos Haven, Elizé Oosthuizen 18de Laan, Annatjie Bosman Huis Caros, Trudie Rheeder Santos Haven, Dries Wheeler Blombosch.

**STERFTES:** Pierre Scott Santos Haven (eggenoot van Annatjie), Dirk Wentzel Benevolent park.